

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Die Rol van Bloed in God se Raadsplan

Deel 6: 'Pleit die bloed' – Is dit Skriftuurlik?

Hersiening

Alles wat in Deel 1 tot 3 bespreek is, kan soos volg opgesom word: Ons moet deur vertrou en gehoorsaamheid aan יהוה se Torah, soos dit in Yeshua vervolmaak is, leef in die oorwinning en oorvloedige lewe wat deur die krag van die bloed van Yeshua vir ons bewerkstellig is! Jou verlede het geen houvas op jou nie! Jou toekoms hou die belofte en versekering in van genesing en herstel van gees, siel en liggaam! 'n Algehele vryheid van enige bindinge en emosionele wonde! Ons het niks meer nodig nie as om met dankbaarheid te aanvaar en in vertrou te doen wat יהוה-God deur Sy onverdiende guns in Yeshua vir ons reeds gedoen het!

In Deel 4 is bewys gelewer dat teksverse soos ondermeer Ex. 20:4-5 en 34:7 na aangeleerde gedrag verwys, naamlik ouerlike beïnvloeding wat die kind aangeleer het en wat in die kind se volwasse lewe afwykende gedragspatrone tot gevolg het, en nie na bloedlynvloeke nie!

Nêrens in die Afgesonderde Skrifte word ons geleer van bloedlynvloeke wat ons van ons voorvaders af geërf het en om dit te bestraf (te verbreek, te “bind”) nie. Yeshua het die prys vir ons sonde betaal! Hoe kan ons dan steeds bloedlynvloeke hê waarvoor ons gestraf sal word of wat ons sal bind? Indien ons glo dat bloedlynvloeke 'n werklikheid is, dan ontken ons die totale verlossing deur die krag van die bloed van Yeshua! יהוה-God straf ons nie vir die sondes van ons voorvaders nie! Nee, Hy straf ons net indien ons die sondes van die voorvaders herhaal deur daarmee voort te gaan!!

In Deel 5 is Epigenetika bespreek, naamlik die verandering in genetiese inligting wat lewenskwaliteit en gedragspatrone kan beïnvloed en wat oorerflik kan wees. Die invloed wat die omgewing, lewenstyl, trauma, ens, op die mens se gene (oorerflike eienskappe) het is en wat lewenskwaliteit en gedragspatrone kan beïnvloed, is bespreek. Hierdie is egter nie bloedlynvloeke volgens die definisie soos in Deel 4 bespreek was, naamlik 'n oorgeërfde geestelike ingreep wat fisies of psigies, of as kombinasie van beide, in 'n persoon se lewe sal manifesteer en waarvan 'n persoon bevry moet word nie!

Deel 6

Ontstaan van die lering om die bloed te pleit

Charles Spurgeon (19 Junie 1834 – 31 Januarie 1892) was van die eerste om te verwys na 'die pleit van die bloed van Jesus'. Maar die konteks waarin hy dit gebruik het, was om versoening te verduidelik, naamlik dat dit is soos om in die hemelse hof te staan en jou

onskuld te bewys deur die bloed van Yeshua te pleit. Hy het baie sterk gefokus op die bevryding (verlossing en versoening) deur die bloed van Yeshua.

Die lering van ‘Pleit die bloed van Jesus’ het in die vroeë twintigste eeu gewild geword hoofsaaklik deur Katheryn Kuhlman (9 Mei 1907 – 20 Februarie 1976) en later deur die “Word of Faith” beweging. Dit word steeds vandag, veral deur die Pinkster en Charismatiese denominasies in gebede, geestelike oorlogvoering en bevrydingberading gebruik. Terminologie soos ‘Satan ek kom teen jou met die bloed van Jesus’ en ‘ek trek ‘n bloedlyn in die sand’ en soortgelyke uitsprake en proklamasies, asook die gebruik om die bloed oor alle sigbare en onsigbare dinge te pleit, het ook uit hierdie lering ontstaan.

Die vraag is egter of daar enige teksvers in die Skrifte is wat hierdie leerstelling kan bevestig? Die antwoord is ‘nee!’ Die woord pleit kom slegs agt keer voor in die 1933 Afikaanse vertaling en 10 keer in die PWL¹, maar nie een keer het dit met bloed te doen nie! Die woord bloed kom 328 keer in die 1933 Afrikaanse vertaling en 335 keer in die PWL voor, maar nie eenkeer kan dit verbind word met die pleit van die bloed nie!

Volgens die leerstelling van pleit die bloed moet gelowiges die bloed van ‘Jesus’ pleit om op dié wyse die krag van die bloed te ‘aktiveer’, en om ‘n ‘heining van beskerming en vuur’ op te rig met ‘n ‘Geen Toegang’ waarskuwing wat aan Satan gerig word! Voorstanders van pleit die bloed, soos Kenneth Copeland, Joyce Meyer, Billye Brim, Jamie Rohrbaugh en vele ander voorsien ‘voorgeskrewe gebede’ vir die pleit van bloed oor jou self, jou familie, jou finansies, jou motor, jou huis, jou kerk, enige situasie en wat ookal die behoefte mag wees. ‘n Tipiese voorbeeld is:

So Lord, thank You for performing Your Word. I present the blood of Jesus to You as my legal evidence that I can receive everything You’ve promised, and I plead Jesus’ blood over my [fill in according to your need].

Kenneth Copeland lewer die volgende kommentaar:

When you learn how to plead the blood of Jesus, you are taking the power and authority granted to you by God Himself and putting it to work in your life, just as He intended. Nothing can stand against the power of the blood! So, start pleading the blood of Jesus in your life with confidence and boldness, and watch the devil flee!²

Maar talle gelowiges wat יהוה-God se Torah verwerp, en wat van die pleit van die bloed van ‘Jesus’ gebruik maak, vergeet wat in Spr. 28:9 geskryf is, naamlik:

Hy wat sy oor toedruk om nie na die wet te luister en dit te doen nie, selfs sy gebed is ‘n verwerplikheid³.

Indien die wettelose (die Torahlose), soos diegene wat weier om die vierde gebod van die Shabbat te eerbiedig, se gebed verwerplik is, sal hulle pleit van die bloed van Sy Seun soveel meer vir God verwerplik wees!!

¹ Pad van Waarheid tot die Lewe; Tweede druk 2017

² Kenneth Copeland <https://www.kcm.org/real-help/faith/apply/how-plead-the-blood-jesus>

³ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om ‘n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Dit is 'n geval van *many Christians today want a blood covering for sin, but not a cleansing* (D. Wilkerson).

Yeshua se kosbare bloed is nie 'n wapen vir geestelike oorlog en beskerming nie! Ons wapen is die swaard van die Gees wat die boodskap (woord) van God is (Efes. 6:17).

En tog is daar talle wat getuig dat die 'pleit van die bloed van Jesus' suksesvol in verskillende situasies gebruik word! Maar is dit nie 'n geval van Matt. 7:21-23 waar Yeshua gesê het dat dit nie almal is wat vir Hom 'my Meester, my Meester' sê wat sal ingaan in die Koninkryk van die hemel nie, maar slegs dié wat die wil van die Vader doen! Dan is die moontlikheid nie uitgesluit nie, dat die teëstander hom kan voordoen as 'n engel van die lig en kan 'saamwerk' dat die pleit van die bloed van 'Jesus' wonders bewerkstellig!

Die pleit van die bloed van 'Jesus' is egter nie die wil van Vader-God nie!

Teksverse as sogenaamde bewys

Ou verbond

Verskeie teksverse word as sogenaamde bewys gebruik vir die 'pleit van die bloed van Jesus'. Soos reeds genoem is daar geen teksvers(e) om die pleit van bloed te staaf nie, maar 'n afleiding word gemaak uit sekere teksverse in die ou verbond, veral die laaste nag van Yisra'el in Mitzrayim toe die bloed van die Pesaglam aan die deurkosyne gesmeer was en יהוה die vernietiger weg gehou het van die huise van God se volk. Daarom word Eks. 12:23 hoofsaaklik as "bewys" gebruik vir die "pleit van die bloed van Jesus".

want יהוה sal deurgaans om die hele Mitzrayim te slaan en wanneer Hy die bloed sien aan die bo-kosyn en aan die twee deurposte, sal יהוה by die deur verbygaan en die vernietiger nie toelaat om in julle huise in te gaan om julle te slaan nie. Eks. 12:23

Op grond hiervan word geglo dat indien die bloed van 'n gewone lammetjie die vernietiger wat die eersgeborenes in Mitzrayim getref het kon keer, soveel te meer sal die bloed van die Lam van God dit kan doen.

Maar die bloed aan die bo-kosyn en deurposte was egter die sinnebeeld van die verlossing deur die bloed van die Lam van God – verlossing wat beskerming bied! Die fokus moet dus op die verlossing deur die bloed wees en nie op die beskerming deur die bloed nie!! Yisra'el het in vertroue en gehoorsaamheid al die instruksies vir die eerste Pesag uitgevoer (Ex. 12:1-22) en nie nodig gehad om die bloed te pleit nie! Hierdie eerste Pesag was dus 'n sinnebeeld ('n skadubeeld) van wedergeboorte en die totale verlossing deur die bloed van Yeshua en van 'n leefwyse van vertroue en gehoorsaamheid soos deur die simbole van Pesag uitgebeeld word.

Verlossing (loskoping) en versoening (toedekking) deur die bloed van Yeshua is 'n enkele (gelyktydige) en eenmalige gebeurtenis, maar tog ook opeenvolgend. Die volkomenheid van hierdie verlossing en versoening is in Deel 3 bespreek en behels die volgende: Versoening, reiniging, afgesonderd tot diensbaarheid, ewige lewe, oorwinning (beskerming) en oorvloedige lewe. Deur verlossing en versoening deur die bloed van Yeshua is daar beskerming! Al wat van ons vereis word is vertroue in die volkomeheid van hierdie verlossing en gehoorsaamheid aan Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is! Gehoorsaamheid aan Torah soos dit in Yeshua vervul is, is ons beskerming!

Die bloed van Yeshua was die eenmalige verlossing (loskoping) en versoening (toedekking) wat geen verdere bloed vereis het nie, soos Heb. 9:11-12 bevestig:

11 maar dié Gesalfde Een, wat gekom het, het die Hoofpriester geword van die goeie dinge wat Hy gedoen het en Hy het die groot en volmaakte Tabernakel binnegegaan, wat nie met hande gemaak is nie en nie van hierdie geskepte dinge is nie.

12 Hy het ook nie ingegaan met die bloed van jaaroue bokke en kalwers nie, maar met Sy eie bloed het Hy een maal in die plek van Afgesonderdheid ingegaan en ewige loskoping verkry. Heb.9:12.

Die versoeningsoffer van Yeshua se bloed was volmaak, volledig, afgehandel en geen toevoegings of bydrae word van ons vereis nie, behalwe vertroue in die krag van die bloed van Yeshua en gehoorsaamheid aan Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is.

Ander teksverse in die ou verbond wat as regverdiging vir die pleit van die bloed van Yeshua gebruik word, is met die toewyding van Aharon en sy seuns as priesters in Lev. 8:1-24, veral Lev. 8:23, 24 en 30.

23 Mosheh het dit geslag en van die bloed gevat en dit aan die regter oorbel van Aharon, aan die duim van sy regter hand en aan die groottoon van sy regter voet gesmeer.

24 Mosheh het ook die seuns van Aharon laat naderkom en van die bloed aan hulle regter oorbel, aan die duim van hulle regter hand en aan die groottoon van hulle regter voet gesmeer en Mosheh het die bloed rondom teen die altaar gesprinkel. Lev.8:23-24

Mosheh het ook van die salfolie en van die bloed wat aan die altaar was, gevat en dit op Aharon, op sy klere, sowel as op sy seuns en op die klere van sy seuns, gesprinkel. So het hy Aharon, sy klere, sowel as sy seuns en die klere van sy seuns, afgesonder. Lev. 8:30.

Soos met Pesag is hierdie ook 'n sinnebeeld van 'n geestelike waarheid wat deur die bloed van Yeshua vervul is, want deur Sy bloed is ons gereinig en afgesonderd tot diensbaarheid as priesters van Malki-Tzedek soos wat in Deel 3 bespreek word.

Waar reiniging te doen het met die ou lewe en die verwydering van die gevolge van sonde, het afgesonderdheid (heiligmaking, *sanctification*) te doen met die nuwe lewe van die nuwe mens in Yeshua. Dit is die proses om gelykvormig te word aan die beeld van Yeshua (Rom. 8:29), en om dus afgesonderd te wees soos wat יהיה Afgesonderd is (Lev. 11:44 en 1Pet. 1:16).

Afgesonderdheid is die resultaat en doelwit van reiniging en is ook deur vertroue in die krag van die bloed van Yeshua. Eers reiniging en dan afgesonderdheid – alles die werking van die bloed. So lees ons in Heb. 13:11-12 die volgende:

11 Die diere, waarvan die bloed ter wille van die sonde, deur die hoofpriester in die afgesonderde plek ingedra word, se liggame word buitekant die kamp verbrand;

12 daarom het Yeshua ook, om die mense deur Sy eie bloed af te sonder, buitekant die stad gely;

Soos reeds genoem bevestig Sha'ul dit ook in Efes. 5:26 waar hy verwys na die liefde van Yeshua vir die gemeente om dit af te sonder en te reinig in die wassing met water en in die Woord.

Telkens in Torah waar die bloed op mense en voorwerpe gesprinkel was, was dit vir versoening (toedekking), reiniging en om dit wat gesprinkel word, af te sonder (te heilig), maar nie vir beskerming nie!! Die volgende Skrifgedeeltes is ondermeer bevestiging:

Jy moet van die bloed wat aan die altaar is en van die salfolie vat en dit op Aharon en op sy klere, sowel as op sy seuns en op die klere van sy seuns, sprinkel, saam met hom sodat hy en sy klere, sowel as sy seuns en die klere van sy seuns, saam met hom, afgesonderd kan wees. Eks. 29:21.

Hy moet sewe maal sprinkel op hom wat van die melaatsheid gereinig word en hom rein verklaar en die lewende voël moet hy in die oop veld loslaat. Lev. 14:7.

18 Hy moet na die altaar uitgaan wat voor יהוה is en daarvoor toedekking doen: hy moet van die bloed van die bul en van die bloed van die bok vat en dit rondom aan die horings van die altaar smeer

19 en met sy vinger van die bloed sewe maal daarop sprinkel en dit reinig en afsonder van die onreinheid van die seuns van Yisra'el. Lev. 16:18-19.

Nuwe verbond

Die teksvers wat in die nuwe verbond veral gebruik word as 'bewys' vir die pleit van die bloed, is Open. 12:11.

en hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die boodskap van Sy getuienis en hulle het hulle lewe, tot die dood toe, nie liefgehad nie.

Soos reeds bespreek is, is hierdie teksvers ook bevestiging van die volmaakte verlossing wat deur die bloed van die Lam behaal is. Die oorwinning is nie behaal deur die gebruik van die bloed nie, maar wel deur vertrou in dit wat die bloed van Yeshua reeds bewerkstellig het. Yeshua het namens ons reeds die oorwinning oor die teëstander en die magte van die duisternis behaal.

13 Hy het vir julle, wat dood was deur julle sonde en die onbesnedenheid van julle menslike natuur, lewe gegee saam met Hom en ons al ons sondes vergewe.

14 Hy het die geskrewe aanklag teen ons, wat vir ons nadelig was, deur Sy Outoriteit, uitgevee en uit ons midde weggevat en dit aan Sy kruis vasgeslaan.

15 Deur Sy liggaam af te lê, het Hy die heersers en outoriteite gestroop en hulle in die openbaar beskaam deur Sy wesenlike self. Kol. 2:13-15.

Opsommend: Soos bespreek is, het die bloed van Yeshua slegs te doen met die volkome verlossing van elkeen wat bely dat Yeshua die Lam van God, dié Gesalfde Een, is. יהוה se Raadsplan van verlossing is in Yeshua vervul. Al wat van ons vereis word, is vertrou in hierdie voltooide werk van Yeshua en gehoorsaamheid aan God se Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is. Ons moet met dankbare harte en in vertrou dit ontvang en op 'n wyse lewe asof dit reeds 'n werklikheid is! Onthou wat vertrou is (Heb. 11:1 en 6):

1 Vertrou is die oortuiging aangaande daardie dinge wat in versekerde verwagting is, asof dit daardie dinge in aksie is en die openbaring van die dinge wat nie gesien word nie,

6 Sonder vertrou kan geen mens Hom tevrede stel nie, want hy wat nader aan God gebring word, is dit verskuldig om te vertrou dat Hy bestaan en die Beloner is van dié wat Hom soek.

Ons worstelstryd

Die vraag moet wel gevra word wat die betekenis van Efes. 6:10-12 is?

- 10 Wees daarom, my broers, versterk in ons Meester en in die grootheid van Sy krag.
 11 Trek al die wapenrusting van God aan sodat julle in staat is om staande te kan bly teen die strategieë van die teëstander,
 12 want julle geveg is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die heersers, teen die outoriteite, teen die heersers van hierdie wêreld van duisternis en teen bose geeste onder die hemel.

Hoewel hierdie 'n onderwerp is wat afsonderlike bespreking regverdig, is die volgende 'n opsomming daarvan, naamlik: Ons geveg is wel teen die heersers, teen die outoriteite, teen die heersers van hierdie wêreld van duisternis en teen bose geeste! Maar hierdie stryd vind in ons gedagtes plaas. Hierdie bose magte 'bombardeer' vir jou en my met leuens, herinneringe aan ons verlede, versoeking en op enige wyse in die hoop dat ons dit sal glo. Daarom is dit 'n geloofstryd en nie 'n geestelike oorlog nie!

Die teëstander en sy magte probeer om jou en my vertrou in יהוה-God, en in sy woord, te vervang met leuens en met negatiewe gedagtes. Dit is hier waar jy en ek die stryd sal wen of verloor! Daarom moet ons die woorde van God hoor en dit doen, naamlik gehoorsaam wees aan Sy Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is. Dit is wat Ya'akov bedoel het toe hy geskryf het:

Wees dan gehoorsaam aan God en staan op teen die teëstander en hy sal van julle af wegvlug.

Om op te staan teen die teëstander is om Yeshua se voorbeeld te volg toe Hy aan Satan gesê het: 'Daar is geskrywe: 'n Mens leef nie van brood alleen nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God kom.' Ons bied effektiewe weerstand teen die bose magte deur die woord te hoor, dit te bewaar en in vertrou daarvolgens te lewe! Ons moet lewe in die lig van die feit dat Yeshua het die vyand oorwin en dit was 'n volslae oorwinning! Die volgende teksverse is ondermeer bevestiging daarvan:

Deur Sy liggaam af te lê, het Hy die heersers en outoriteite gestroop en hulle in die openbaar beskaam deur Sy wesenlike self. Kol. 2:15.

Wat sal ons daarom van hierdie dinge sê? As God v^or ons is, wie is teen ons. Rom. 8:31.

In al hierdie dinge oorwin ons egter, deur Hom wat ons lief het. Rom. 8:37.

Slotgedagtes

Yeshua se bloed was nie van 'n mens afkomstig nie, maar wel van יהוה-God self soos in Deel 2 bespreek is! Daarom het God 'alleenreg' op die bloed van Yeshua, en Hy besluit hoe om dit 'toe te pas'. Ons het geen reg om daardie bloed as 'n 'geestelike towerstaf' te gebruik om iets in die geestelike realm te laat plaasvind nie omrede dat dit waarvoor God die bloed van Yeshua bestem het, is vervolmaak. Ons as priesters van Malki-Tzedek se taak is nie om die bloed van Yeshua te pleit of te sprinkel of aan te wend nie! Ons taak is om in vertrou en gehoorsaamheid ons God en Vader se wil te doen.

Om in die bloed van Yeshua 'n misterie en ander bedoelinge te soek is Godslasterlik en word dit as mistisisme verklaar wat nie God se bedoeling was nie, en word God se Naam lasterlik gebruik, omrede God nie beveel het om die bloed van 'Jesus' te pleit nie!

Yeshua en die Afgevaardigdes het ons geleer om in die Naam (Karakter en Outoriteit) van Yeshua te bid en volgens ons behoeftes te vra en **nie** om die bloed te pleit nie!

6 maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou private kamer, sluit jou deur en bid in die geheim tot jou Vader en jou Vader wat sien wat in die geheim gedoen word, sal jou in die openbaar beloon.

7 Wanneer julle bid, gebruik nie mooi klinkende herhaling van woorde soos die heidene, wat dink dat God hulle beter sal hoor as hulle baie woorde gebruik, nie.

8 Moet dan nie wees soos hulle nie, want julle Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra. Matt. 6:6-8.

7 Hou aan om te vra en dit sal vir julle gegee word; hou aan om te soek en julle sal vind; hou aan om te klop en daar sal vir julle oopgemaak word,

8 want elkeen wat aanhou vra ontvang en hy wat aanhou soek, vind en vir hom wat aanhou klop, sal oopgemaak word.

9 Wie is daar tussen julle wat, as sy seun vir hom 'n brood vra, vir hom 'n klip sal aanbied; Matt. 7:7-9.

Ons moet in die voetspore van die gemeente van Handelingte stap en hulle het nie die bloed van Yeshua gepleit vir beskerming of oorwinning oor Satan en sy bese magte nie! Nee hulle het deur vertrou tot vertrou geleef (Rom. 1:17).

Daarin word die onpartydige opregtheid van God openbaar deur vertrou tot vertrou volgens wat geskryf is: "Die regverdige sal vanuit vertrou lewe."

Daarom: Wat ons praat en wat ons doen moet altyd ooreenstem met die woord van God soos wat Kefa dit in 1Pet. 4:11 bevestig:

As iemand praat, laat dit wees volgens die woorde van God; as iemand dien, laat dit wees vanuit die krag wat God hom gee sodat God in alles wat julle doen geëer, geloof en aanbid kan word deur Yeshua, dié Gesalfde Een, aan Wie die eer, lof, grootheid en krag toekom vir 'n tydlose ewigheid. Dit is waar.

Dit is nuttelose gebruik van die pleit van die bloed as 'n towerstaf om 'n oorlog te voer wat alreeds gewen is, of vir beskerming wanneer dit klaar voorsien is, of om stoflike tydelike dinge wat die mens begeer en besit te beskerm, of om transformasie te bring waar net God dit doen! Om die bloed van Yeshua te pleit is 'n ontkenning van die volledige verlossing wat deur die onverdiende guns van יהוה in Yeshua bewerkstellig is! Die pleit van die bloed en enige aanwending vir beskerming is nie Skriftuurlik nie!

Ons moet versigtig wees vir die oorleweringe en tradisies van ons vaders en geestelike leiers! Om die bloed van Yeshua te pleit of "aan te wend" as 'n geestelike wapen is die oorlewering van mense wat slaafs gevolg word! Ons moet net God se opdragte uitvoer sonder om by te voeg of weg te neem. Vertroue en gehoorsaamheid is liefde vir ons God en Vader!

3 want dít is die liefde vir God: dat ons Sy opdragte uitvoer en Sy opdragte is nie 'n las nie,

4 want elkeen wat uit God gebore is, oorwin vir homself die wêreld en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin, naamlik ons vertrou.

5 Wie anders is dit wat oorwinning oor die wêreld het, as dit nie hy is wat vertrou dat Yeshua die Seun van God is nie?

6 Dit is Hy wat deur water en bloed gekom het, Yeshua die Gesalfde Een; nie deur water alleen nie, maar deur water en bloed

7 en dit is die Gees wat getuig, want die Gees is die Waarheid.

8 Daar is drie wat getuig: die Gees, die water en die bloed en die drie is in eenheid. 1Joh. 5:3-8.

-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete!

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.